As God jou wêreld ***skuif!***

Handelinge 11:1-18

Die gebeure waaroor hierdie preek handel word vollediger omskryf in Handelinge 10.

Inleiding

- Het jy al 'n 'Aha!'-oomblik gehad?
  - 'n Oomblik waar dinge wat vir jou half raaiselagtig en onduidelik was
    - regtig skielik vir jou oopgegaan het.

- My pa het gesê dit sal met my wiskunde gebeur
  - as ek net genoeg oefen en leer... oopgaan en eenvoudig wees...
  - maar ek kan ongelukkig nie sê dit het vir my gewerk nie!
  - Maar êrens het meeste van ons dit al ervaar
    - Waar jy skielik verstaan het hoe werk bv
      - Wiskunde of rekeningkunde
      - Of rekenaars
      - Of jou selfoon
      - Of n kar se enjin
      - ...of ... as jy baie gelukkig is... jou huweliksmaat se kop!

- Net so is daar 'Aha!'-oomblike
  - in hoe jy jou hele lewe
  - en die wêreld om jou verstaan.
  - Ook hoe jy Christenskap verstaan
    - Dalk het jy dit al in hierdie opsig ook gehad
    - Of dalk hoop jy nog dit gebeur...

- Dit is eintlik 'n moeilike ding om te beskryf,

- maar dis oomblikke waar jy so 'n besondere insig in God of sy werking kry dat jy in jou binnekant weet:
  - Hierna kan my wêreld nooit weer dieselfde wees nie!
  - Die prentjie van hoe die wêreld vir my lyk het geskuif en verander,
    - ...ek sal nooit kan terugdraai en anders dink nie.

- Ek het verlede week genoem dat die boek Handelinge se naam 'Handelinge' is omdat
  - dit 'n venster is op hoe ons 'doen'-God deur sy Gees in die vroeë kerk gewerk het.
  - Dit vertel van hoe en wat God in en deur mense doen vir sy groter doel.
    - Hieruit kan ons baie leer hoe God met ons werk.

- In Handelinge 9 het ons geleer dat God mense se wêrelde skud.
  - Dat Hy nie altyd handskoene aan hoef te hê as Hy met ons werk nie.
  - Dat Hy, nadat Hy geskud het,
    - ook klein opdraggies vir ons gee om net weer die verhouding te begin reg kry: Hy lei, jy volg.
    - En dat jy of teen die prikkels kan skop of gehoorsaam kan luister.

- Maar nou, vandag... wat as ons daardie opdragte begin gehoorsaam?
    - dis dan wanneer God jou wêreld gaan begin skuif.

- Skud en skuif is nie dieselfde nie.

- God skud,
    - en wanneer jy dan besluit om,
        - voordat jy als verstaan,
        - gehoorsaam te wees aan sy leiding,
    - gaan jy
        - op paaie begin stap waar min mense loop,
        - boeke lees wat jou uitdaag,
        - vreemde mense ontmoet wat heeltemal anders is as waaraan jy gewoond is
        - en in situasies kom waar jy ongemaklik is en nie 'n 'idee' het hoe om te hanteer nie.

- Dit is dan dat God jóú prentjie van die wêreld in jóú kop ...begin skuif.

- Kom ons kyk in Petrus se lewe en sien raak hoe God mense se wêreld skuif.

Aanloop en Gehoorsaamheid

- Petrus was 'n Christen,
    - maar het ook steeds elke Joodse wet en gebruik tot op die letter nagekom het.
    - Hy het glad nie anders as die res van die Jode gelyk nie.
    - Hulle het op daardie stadium ook gedink dat,
        - voor jy 'n Christen kon word, jy sekerlik eers 'n Jood moes word.

- Hy het bv. vandat hy 'n kind was al die wette nagekom.
    - Hy het nog nooit sy mond aan kos gesit wat deur die Jode as vuil gesien is nie.

- Nie net was kos met 'n klomp wette beheer nie maar ook Jode se verhoudinge met ander mense.
- Jode was ook verbied om selfs in die huis van 'n nie-Jood te kom omdat hulle as onrein gesien is omdat hulle nie die Joodse wette nagekom het nie.

- Dit is hoe Petrus se wêreld vir hom gelyk en gewerk het.
  - Dit was vir hom normaal en aanvaarbaar.
  - Dit was reg.
  - Dit is hoe hy sy wêreld verstaan het.

- Maar God was van plan om Petrus se wêreld te <u>skuif</u>.
  - Selfs Petrus wat saam met Jesus op aarde rondgeloop het,
  - die Heilige Gees ontvang het en baie wonders gedoen het,
    - het nog 'skuifwerk' nodig gehad aan die manier waarop Hy na sy wêreld gekyk het.

- Hy kry 'n opdrag waarin die Here die onmoontlike van hom vra.
  - In 'n droom sien hy iets soos 'n groot laken wat aan sy vier punte afkom soos 'n tipe sak.
  - In die laken is al die diere bymekaar wat al die Joodse wette al vir duisende jare oor sê:
    - "Dis taboe, jy mag nie jou mond daaraan sit nie!"

- En nou sê 'n stem vir hom: "Slag en eet!"
  - Maar dit pas glad nie in sy wêreld in nie en hy antwoord:
    - *"Nooit nie, Here! Ek het nog nooit iets geëet wat onheilig of onrein is nie."*

- Drie keer herhaal dit. "Slag en eet!
    - Wat God rein verklaar het, mag jy nie onrein ag nie.
    - Nooit nie, Here!"
        - En toe is die droom skielik verby...

- Petrus het nie geweet wat die droom beteken nie
    - en dis ook nie vir Hom verduidelik nie.

- Maar net toe kom die boodskappers van Cornelius daar aan en sê:
    - "*Kaptein Cornelius, 'n opregte en godvresende man vir wie die hele Joodse volk hoë agting het, het 'n openbaring deur 'n heilige engel gekry dat hy u na sy huis toe moet laat haal om te hoor wat u te sê het.*"

- Op hierdie stadium was Petrus goed deurmekaar
    - maar, sien baie mooi raak!,
        - die Heilige Gees het hom aan sy binnekant aangemoedig om saam te gaan.
        - Daarom het Petrus gehoorsaam gegaan al het hy nie geweet waarop dit als gaan uitloop nie.

- Dit is hierdie gehoorsaamheid van Petrus,
    - terwyl hy nie verstaan nie,
    - wat uiteindelik daarop uitloop dat sy hele prentjie van sy wêreld skuif.

    - Gehoorsaamheid aan die Heilige Gees se leiding
        - was sy eerste tree op pad na 'n 'Aha!' oomblik.

- Hy was nog nie by die "Aha!" oomblik nie maar al klaar goed oppad.

Die skuif

- Die volgende dag het Petrus saam met die manne in die stowwerige pad geval na Cornelius toe.

- Sonder twyfel het die visioen van Petrus al klaar aan sy binnekant begin torring.
  - Hy het sekerlik dit wat hy nog altyd glo opgeweeg teen dit wat God hom gewys het.
  - Kan dit waar wees dat God ook in onrein mense sal belangstel?

- Teen die tyd wat hulle by Cornelius se huis gekom het,
  - het Petrus al 'n bietjie begin skuif.
  - Hy was al gereed om in die 'onrein' man se huis in te gaan.

- Maar uit sy eerste woorde toe hy in is hoor ons
  - dat Hy nog nie die volle skuif gemaak het nie. Handelinge 10: 28:

- "*Julle weet dat 'n Jood nie met iemand van 'n ander volk mag omgaan of by hom in die huis mag kom nie, maar God het vir my gewys dat ek geen mens as onheilig of onrein mag beskou nie.* [29]*Daarom het ek sonder om teë te stribbel, gekom toe julle my laat haal het. <u>Sê nou vir my waarom julle my laat haal het</u>.*"

- Petrus het hierdie opdrag gehad,

- vreemde mense het opgedaag
- en hy is saam met hulle weg in 'n 'onrein' man se huis...
  - en hy weet nog steeds nie hoekom hy daar is nie!

- Cornelius verduidelik toe hoe hy opdrag van 'n engel gekry het
  - om Petrus te laat haal en dat hulle daar 'n boodskap van Petrus verwag.

- Dit was toe dat Petrus se hele wêreld skuif en hy 'n enorme 'Aha!' oomblik ervaar het!
  - En sy 'Aha' was dat die evangelie ook vir nie-Jode bedoel is.

- Maar hoor nou hier:
  - Hy val toe weg om die gebeure oor Jesus te vertel
  - en om als te kroon ontvang hulle toe ook die Heilige Gees.
  - Sy logiese afleiding:
    - hierdie mense moet gedoop word en as 100% gelowiges verwelkom word!!
    - God is hier besig!

- Petrus se lewe sou nooit weer dieselfde kon wees nie.
  - Die kerk sou nooit weer dieselfde kon wees nie...
  - en dit was ook nooit weer dieselfde nie!

- Die treffende vir ons is
  - dat God vir Petrus seker net kon herinner aan al die OT se profesieë,
  - of als ten volle verduidelik deur die visioen.
  - 'n Boek gee om te lees!

- Maar God het nie.
  - God het Petrus op 'n praktiese pad
  - van opdragte en geloof gelei
  - om 'n eerstehandse konkrete ervaring te hê van hoe God werk,
- sodat Petrus se prentjie van sy wêreld nooit weer dieselfde sou wees nie.

- Dit was uiteindelik nie net iets in sy kop nie, sy wêreld het geskuif.

- Wat is die punt? Luister mooi!

- Jy mag nooit dink dat
  - jy klaar die finale prentjie het van hoe
    - die wêreld,
    - jou Christenskap en geloof
    - en Trinitas gemeente bedoel is om in Vanderbijl te werk nie.
  - Jy mag nie dink dat daar geen plek meer is vir groei nie.
    - Dat jy al die antwoorde het nie.
    - Dat die plafon al bereik is nie
      - en nou maar net die golfie uitry tot die wederkoms nie!

- As jy dink dat jy al klaar als gesien het wat daar is,
  - is dit dalk tyd dat God jou wereld skud en skuif
    - dat jy die lewende God-Gees se leiding volg,
    - en so 'n konkrete en reële groei-verhouding met God Almagtig te beleef.

- God skud, Hy gee opdragte, en as jy met geloofsvertroue in daardie paadjie afstap
    - sal Hy jou wêreld begin skuif.

- Hoekom skuif God wêrelde?
    - Omdat daar 'n lewe na die skuif is!

- Soos wat God nie net skud om te skud nie,
    - skuif Hy ook nie net om te skuif nie.
    - Dit is deel van die manier waarop hy jou in die wêreld wil gebruik.

        - Want, met so 'n 'Aha!' oomblik,
        - kry jy besondere insig in sy roeping en taak vir jou
        - wat blote teorie, en die deurlees van duisend Dagstuk boekies van Cum jou nie kan gee nie!

- Daardie geestelike 'Aha!' -oomblik
    - is 'n rigtingwyser en leiding van God se hand in jou lewe.
    - Dit gee nuwe momentum en nuwe sekerheid oor jou roeping en doel van jou hele bestaan.

- God die Vader het 'n besondere manier om besondere skuiwe in die wese van ons binneste te maak.
    - En daardie nuwe duidelikheid en insig wys jou nuwe koers en rigting om jou lewe aan Hom te wy.

- En sien raak... dis nie net Petrus se wêreld wat geskuif is nie.
    - Cornelius kon
        - die liefde van Petrus wat omgee om in sy huis te kom sien

        - die nuus hoor dat Jesus vir iemand soos Hy ook gesterf het
    - En moes sterf
    - Gee nie om hoe gaaf en lief hy was nie
        - – selfs Hy het Jesus se offer nodig gehad
    - En hy het oorgegee om daaruit te lewe
        - Eerder as om op sy eie goedheid te staat te maak.
        - En sy kon sy pad ook begin om God altyd in alles te verheerlik

Slot

- God skud en skuif wêrelde. Hy is ‘n doen-God en nie net ‘n praat-God nie.

- Die gevolg hiervan is dat Hy 'n ‘Aha’ oomblik in jou lewe bewerk
    - wat jou eerstehandse insig gee oor die lewe en verander hoe jy daarna kyk
    - soos wat teorie alleen dit nooit vir jou kon gee nie.

- Daardie oomblikke is dan 'n nuwe aanwyser en koers
    - wat jy mos dan met sekerheid kan inslaan
    - want die lewende Here het ’n pad met jou gestap
    - om weer bruikbaar vir Hom te kan wees want...

Amen

Griffel van Wyk
Trinintas
24 Augustus 2014